

2015 KAROO TOER

GESKRYF DEUR: Carel Nel

Sondagmiddag 3 Mei 2015 net na vier stop Piet de Villiers, Dr. Frik Barnard en Monja Esterhuisen op my werf om my op te laai vir ons Karoo Keuringstoer. Behalwe vir Piet is Frik en Monja as nuwe Junior Keurders nog onbekend maar sommer gou kon ek die standaard van sinvol en opbouende gesprek aanvoel. Ons is half aan die laatkant as ons by Freddie en Susan Wasserfall arriveer waar die reuk van kookkos en hulle bekende hartlikheid ons gou so tuis soos by die huis laat voel.

Freddie se bulle is ons keurders se eerste gesamentlike uitdaging. Die onsekerheid is voelbaar as Frik en Monja elkeen met byna 'n hele lêer die kraal betree. Kursus is opleiding. Keuring is die verantwoordelike uitvoering daarvan in 'n medeteler se kraal met integriteit teenoor die dier wat voor jou staan. Maar as jy "opgelet het in die klas" is die vraestel nooit te moeilik nie. Die eerste paar diere op 'n keuringstoer neem altyd meer tyd in beslag. Dit is belangrik dat ons mekaar op 'n standaard en onderlinge vertroue vind vir die res van die toer en toe ons by Freddie se hek uitry, weet ek die grondslag is stewig gelê. Ongeag die keurlry en ander administrasie wat ingevul moet word, maak Frik en Monja noukeurig aantekeninge van ELKE dier nadat hy/sy met die nodige kommentaar gekeur of afgekeur word.

Die lang trek na Liesel Foster word deur sinvolle gesprek oor die Drakensberger kort gemaak. Ook hier word ons met hartlikheid ontvang en eie aan Liesel is die standaard wat sy aan haar diere stel en die kwaliteit, vêr bogemiddeld. Sy is ernstig oor haar teelbeleid en teel onder baie harde toestande uitstekende Drakensbergers. Die klein Kerkie is 'n moet vir elke keurder om te besoek as mens daar gaan keur. Daar gebeur net iets binne in mens as jy daar instap. Na 'n heerlike middagete is dit weer spore in die lies op pad na SP v/d Walt in die Noupoot gebied.

Ons verdwaal so bietjie want pad en Naamborde is skaars om van selfoon seine nie eens te praat nie. Maar ons kom op Hughdale aan met net genoeg daglig om SP se diere te keur en die admin af te handel voor ons na Neusberg vertrek waar ons by Clift en Isabel Frewen oornag. Ook hier word ons ingewag met boere gasvryheid wat natuurlik 'n heerlike bord boerekos insluit. Ons kuier tot laat maar vroeg oggend is die beeste in die kraal en staan ons vier weer sy aan sy vir keuring van Neusberg se diere. Hier is die grootste groep diere en ons keur ook op twee plekke. Ek kom gou agter dat Clift sy diere ken en ons besef nie altyd almal hoe belangrik dit is om die herkoms maar ook die voorkoms van jou diere te ken nie.

Hier verdeel ons keurders. Piet en Monja vertrek saam met Johannes na sy skoonseun in Aberdeen distrik terwyl die uwe en Dr. Frik na van Zyl Naude naby Richmond gaan. Hier is die Karoo so mooi dat mens lus het om daarheen te trek. Van Zyl het 'n missie om Poenskop Drakensbergers te teel en ons wens hom sterkte toe. Daarvandaan is dit Nitique Drakensberger Stoet van Grand Naude toe. Die skrilte kontras van weidings toestande is duidelik in die diere wat hier aangebied word en die hoë standaard wat oor 'n hele klompie jare neergelê was, werp goeie vrugte af. Die keuring persentasie is regtig hoog.

Piet en Monja sluit weer by ons aan en ons oornag by die Naude's maar nie voordat ons kon smul aan lamstertjies en sappige Karoo lamtjops nie. Wat 'n fees en ek glo 'n nuuttjie vir die Gautengers in die span.

Na ook ontbyt die volgende oggend vertrek ons na Gordonsfontein waar ons Johannes Retief se diere keur. Hierdie is die oudste stoetkudde in die Karoo en die keuse van Bloedlyne en seleksie duidelik sigbaar. Die ander been van hierdie kudde is by Willem en ons vertoef gou op Hanover en besigtig "Dot se winkel" waar 'n groot deel van die reeks Terug na Egipte verfilm was.

Ons laaste keuring van die Karoo toer is by Dr. Riaan de Jongh langs die Oranje rivier net buite Colesberg. Ek kon my oë nie glo toe ek die verversings sien wat Henriette vir ons voorsit nie. Heerlik. En as iemand wil sien hoe mooi Drakensberger koeie MET horings steeds is, gaan kuier vir Riaan, Hy brand nie die horings nie ter wille van ongediertes wat die kalwertjies vang. Probleem opgelos. Maar dit is en bly mooi – so tipies. Uitstekende genetica oor jare geteel.

Om op te som wil ek graag namens Piet, Dr. Frik, Monja en myself 'n groot dankie sê aan elke teler wat ons met soveel gasvryheid ontvang het. Julle het ons bederf. Ons kan met vrymoedigheid ook sê dat daar van die beste/mooiste Drakensbergers in die land op hierdie toer gekeur is. En ek en Piet bevestig dat Dr. Frik Barnard en Monja Esterhuisen as keurders 'n groot aanwinst vir die Drakensberger Telersgenootskap is. Sela

